# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTENDE NABETRAGTING

By voltooiing van díé studie moet ten slotte tot bepaalde slotsomme geraak word oor die aanvanklike vraagstelling, naamlik in watter mate die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, asóók die kerklike reg wat in die Kerk beoefen word, deur die Reformatoriese kerklike reg bepaal word. Laasgenoemde het ‘n duidelik omlynde agtergrond wat enersyds deur die Bybels-Reformatoriese teologie, maar andersyds deur die Presbiteriaal-sinodale kerkregering, bepaal word. Beide agtergronde is in die verloop van die studie hanteer, asook die huidige stand van die kerklike reg in die Hervormde Kerk aan die hand van die Kerkorde, besluite van vergaderings van die ampte, asook die teologiese debat wat in die Kerk gevoer word.

Aan die hand van die Kerkorde is aangedui dat die kerklike reg in die Kerk uitgaan van die belydende kerkregtelike uitgangspunt, geldend vir alle Reformatoriese kerkreg, naamlik dat Jesus Christus Hoof van die Kerk, en Heer van die wêreld is. In diens van díé uitgangspunt word ook die anti-hiërargiese-, anti-independentistiese-, en die rotasiebeginsel aangetref wat uiting wil gee aan die gestelde belydende uitgangspunt van die Reformatoriese kerklike reg. Verder word ook aangedui dat die ampte gawes en dienste is waardeur God mense wat Hy in Christus verlos, in geloof na Hom bring. Die amp is dus nie ‘n hoë posisie (*officium*) van besondere aansien nie, maar ‘n nederige dienswerk (*ministerium*) wat verrig word deur geroepe ampsdraers. Sodoende is terselfdertyd afgegrens teen die amp as ‘n *character indelibilis*, aangesien die funksionele ampsbeskouing gehandhaaf word dat ‘n ampsdraer ampsvoorreg geniet in soverre hy alles doen wat op die besondere amp betrekking het.

Die Kerkorde stel ook dat die vergaderings van die Kerk regeervergaderings is wat as vergaderings van die ampte byeenkom, om aan die taak uitvoering te gee. Regeervergaderings of vergaderings van die ampte is die ouderlinge-, diakens- en kerkraadsvergadering in die gemeentes van die Kerk. Verder word op ringsvlak die ringsdiakens- en die ringsvergadering aangetref. Op

University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)


sinodale vlak funksioneer die Algemene Kerkvergadering en die Algemene Diakensvergadering.

Voorts word die leer, sakramente, kerklike feesdae en geleenthede behandel. Die leer van die Kerk word belangrik geag wanneer met verwysing na die proponentsformule opgemerk word dat die belydenisskrifte van die Kerk op die *quia*-standpunt funksioneer.

Die kerklike dissipline wat bedoel is vir die welwese (*bene esse*) van die kerk en nie deel uitmaak van die wese (*esse*) van die kerk nie, geniet aandag en word onderskei as opsig en tug.

Ten slotte word verantwoordelikheid teenoor die owerheid aanvaar wat plaasvind deur gesprek, getuienis en gebed vir die owerheid waardeur die Kerk sy geloof teenoor die owerheid betuig.

Formeel gesproke kan bevestigend geantwoord word op die vraag, of die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die beginsels verwoord wat deur die Kerk se keuse vir die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip ter sprake kom. Al die basiese uitgangspunte word in die Kerkorde teruggevind wat in ‘n kerkorde van Reformatoriese oorsprong verwag word.

Die invoering van die Kerkorde in 1997, asook die aanvaarding van die gebruiklike aanduiding vir die ordende maatreëls om die kerk te regeer, naamlik *kerkorde*, en die ontslae raak van verskeie figure wat ‘n afwyking verteenwoordig het met betrekking tot die Reformatoriese ampsbeskouing, was ‘n stap in die regte rigting. Daarbenewens het die bevoegdheid aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om oor aangeleenthede te besluit wat op die Algemene Kerkvergadering *moes* gedien het ook verval. Dit het die vooruitsig ingehou dat die Kommissie minder prominent sou funksioneer.

Ten spyte van die formele opmerkings rondom die basiese boustene van ‘n Reformatoriese kerkorde wat in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk aangetref word, volg die volgende kritiese opmerkings.

Hoewel die proponentsformule die handhawing van die belydenisskrifte in die lig van die *quia*-standpunt stel, is dit ‘n vraag of dit deur álmal so beleef word. Anders gestel: of die draagkrag van die ondertekening van die proponentsformule deur elke bedienaar van die Woord, waardeur die inhoud van die belydenisskrifte eietyds gemaak word, werklik aanvaar word. Die aangeleentheid kom nie werklik in die heersende teologiese debat ter sprake nie, behalwe wanneer radikale uitsprake gemaak word wat geen ander keuse laat nie as om te vra na die betekenis van die ondertekening van die proponentsformule, en die gesag wat aan die belydenisskrifte as sodanig geheg word. Die argument waaruit afgelei kan word dat handhawing van die belydenisskrifte belydenisdwang beteken, word soms gehoor en laat die indruk dat leerverskille onder die kombers van belydenisdwang toegemaak word. Uit die huidige situasie kan die vraag gevra word of ‘n bedienaar van die Woord die belydenisskrifte handhaaf omdat (*quia*) hy met die inhoud saamstem en daarin die Skrif hoor meespreek, of omdat hy sy ‘werk’ wil behou. Nogeens moet daarop gewys word dat die debat oor díé saak nie by die Skrif begin nie, maar by die belydenis, en daarvandaan na die Skrif verplaas. Hoe belangrik *sola scriptura* mag wees, is dit kennelik nie genoeg as nagelaat word om belydend te konstateer wat daaronder verstaan word nie. *Sola scriptura* buite belydende verband, is ‘n twyfelagtige uitspraak wat dit moontlik maak om allerlei uitsprake oor die Skrif te maak, sonder dat dit noodwendig deur die geloof bevestig word.

In díé verband kan ook verwys word na die pogings om nuwe formuliere te formuleer en die hantering van die belydenisskrifte wat daarmee ter sprake gekom het, wat selfs tot die indiening van ‘n klag aanleiding gegee het (Die Hervormer 2004: 2; 2004: 4).

‘n Verdere kritiese opmerking word genoop deur die besluite wat die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering oor die amp geneem het. Dit is al as ‘n

uitbreiding van die amp bestempel, maar nader aan die waarheid kom dit waarskynlik op ‘n vervlakking van die amp neer. Met die besluite oor die amp van bedienaar van die Woord word die funksionele ampsbeskouing in beginsel opgehef. Die besluite is geneem om die lewenstog van predikante wat hulle in gemeentes bevind wat slegs tot gedeeltelike vergoeding in staat is te verbeter. Die situasie kom egter in die praktyk daarop neer dat predikante wat ‘n keuse maak om ook in die arbeidsmark buite die Kerk betrokke te raak, dit nou kan doen in eie diskresie, omdat dit mág gebeur. Wesenlik word op die wyse ‘n keuse gemaak vir ‘n ander beroep wat waarskynlik ruimer stoflike voordeel bied, waardeur die dienswerk van die Kerk ‘n sekondêre plek inneem ondergeskik aan ‘n werkgewer buite die Kerk. Normaalweg het dit in die verlede beteken dat ‘n predikant oorgegaan het tot ‘n ander lewenstaat. Tans is die moontlikheid geskep sonder dat die vraag gevra word of die beroep wat die predikant in die arbeidsmark buite die Kerk wil gaan beoefen, met die amp van predikant versoenbaar is.

Die moontlikhede is nog ruimer, aangesien ‘n predikant homself vir ‘n onbepaalde tyd vir redes van sy eie van sy standplaas kan laat losmaak, terwyl hy steeds ampsvoorreg behou.

Dit is ‘n vaag of die voorlegging van ‘n *curriculum vitae* aan ‘n kerkraad met die verwagting om moontlik beroep te word, enige verligting gebring het aan die beweerde probleme wat dominees met hulle amp en hulle dienswerk as sodanig ondervind. Tydens die vergadering van predikante in 2002 het meer as twee honderd predikante aangedui dat hulle grootste probleem in hulle ampswerk, finansieel van aard is. Dieselfde geld ook vir vooraf gesprekke deur kerkrade of beroepskommissies met persone wie se name op groslyste geplaas word. Uiteindelik word die deurslag gegee deur verskeie faktore soos die konsulent, vervoerkoste, en ouderdom van die persoon onder oorweging, omdat dit bepalende faktore is vir die vraag of die gemeente die standplaas sal kan onderhou. Soms word die indruk gekry dat gemeentes die maksimum predikant verwag vir die minimum vergoeding.

Daar hoef nie debat gevoer te word oor die feit dat die kerk nie meer die kerk van Calvyn in die gemeente van Genève is nie. Niemand ontken dat die omstandighede van die kerk in die byderwetse bestel radikaal verander het nie. Die vraag is egter of die wesenlike van die kerk deur die omgewing waarin die kerk hom bevind, bepaal word. ‘n Verdere kritiese vraag is na die inhoud van Skriflesing en gebed met die opening van ‘n beroepsvergadering (of enige ander kerklike vergadering), waardeur die eiesoortigheid van die kerk radikaal op die spits gedryf word. Is daar dus nog ruimte vir die belydende uitgangspunt dat die Here as Hoof van die kerk, gewone mense roep, om buitengewone dinge in die kerk te doen?

Pont wys in 1970, wanneer hy handel oor die vermindering van die ledetal van die Algemene Kerkvergadering, op die kollegiale agtergronde van die kerklike reg wat uit die Algemeen Reglement van 1816, via die Algemeen Reglement van 1824, die Kerkorde wat sover toepasbaar tot 1862 geld vir diegene wat die Kaapkolonie verlaat, in die kerklike reg van die Nederduitsch Hervormde Kerk vanuit Nederland ná 1816, ingevoer is. Dit het die era van klein sinodale vergaderings beteken waar die rotasiebeginsel halfhartig en teësinnig gegeld het, en meegewerk het tot ‘n kerklike oligargie. Verder het die trapsgewyse verteenwoordiging nie in die Kaapse Kerkwet van 1824 of daarna plek gevind nie. Die invloed wat die Nederlandse teologies-kerklike wêreld op Suid-Afrika gedurende die negentiende eeu uitgeoefen het, moet nie onderskat word nie. Daarmee speel ook die demokratiese staats- en die daarmee samehangende parlementêre bestel, geen onbeduidende rol in die kerklike inrigting nie. Dat dit ook in die eie Kerk gebeur het, word in ‘n uitspraak van Engelbrecht in Die Hervormer van 15 Maart 1924 bevestig. Daarin maak hy onder andere die bewering dat aan die Algemene Kerkvergadering meer gehoorsaamheid verskuldig is as aan die kerkraad. So word die Algemene Kerkvergadering gesien as die hoogste en mees gesaghebbende liggaam in die Kerk, omdat alle gemeentes daar demokraties verteenwoordig is.

Die situasie het oor jare heen nie verander nie. Dit is steeds so dat elke predikant, en elke gemeente, op grond van die demokraties

parlementaristiese beginsel sitting neem. Die feit dat nie net die diensdoende predikante nie, maar elke predikant wat ampsvoorreg geniet vanselfsprekend sitting neem, skep die indruk dat die amp van die bedienaar van die Woord belangrik geag word. Die rede waarom die debat oor die verkleining van die Algemene Kerkvergadering by voorbaat afgemaak word, is waarskynlik te wyte aan die indruk dat dit elke gemeente se reg is om in die Algemene Kerkvergadering verteenwoordig te word, en dat die kerk moontlik onbewus steeds gesien word as ‘n vrywillige vereniging, waarvan die hoogste bestuursliggaam so demokraties moontlik saamgestel moet word.

Die verbasende is egter dat aan die verteenwoordiging op die Algemene Kerkvergadering vasgehou word, terwyl díé groot vergadering sy gesag daarna oordra aan ‘n verkose Kommissie van slegs vyftien man wat volledig in die plek van die groot vergadering inskuif wat namens die Kerk kan praat, getuig en optree, wanneer die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie.

Die prominensie wat so aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verleen word, het tot gevolg dat kommer uitgespreek word oor wie tot die Kommissie verkies word, soos in die redaksionele artikel van die Hervormer van 1 Mei 2002 gestel word. In die artikel word kritiek op die rotasiebeginsel uitgeoefen omdat slegs drie van die predikantslede van die huidige Kommissie, weer verkiesbaar is, asook kommer verwoord oor die leierskorps van die Kerk. Die sorgsaamheid om die regte persone op die Kommissie verkies te kry, het in die verlede groter afmetings aangeneem, en was boonop uitsluitlik op politieke en ‘kulturele’ lees geskoei. Sedert 1994 het die buite-kerklike maatstawwe wat aangelê is om die regte persone verkies te kry, vervaag, maar die prominensie van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het nie afgeneem nie.

Dit is opvallend dat stemming gemaak word teen die rotasiebeginsel wat sedert die Algemeen Reglement van 1816 grootliks uitgefaseer is. Die Hervormde Kerk het in die bedeling tot voor die Kerkorde aan rotasie aandag gegee, maar die konsekwensie daarvan met woorde soos ‘verkieslik’ in praktyk betekenisloos gemaak. Vanuit die geledere van die Algemene

University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)


Diakensvergadering, asook deur die redakteur van die Hervormer, word druk op rotasie uitgeoefen. Selfs menings uit die Kommissie self is oortuig dat rotasie verkieslik is, maar wil die uitgangspunt versag, wat in praktyk neerkom dat teruggeval word op die kollegialistiese model. Dit is teleurstellend dat díé standpunt uit die Kommissie gehoor word van wie verwag word om op hoogte te wees van die kerkregtelike verlede van die Hervormde Kerk, en veral waarom rotasie belangrik geag word. Dit was 'n ouderlingslid van die Kommissie wat tydens die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering argument gevoer het dat ouderlinge wat na die Algemene Kerkvergadering afgevaardig word, nie tot drie jaar beperk word nie.

By herhaling word daarop gewys dat kontinuïteit in die voortgang van die kerklike werk nie gewaarborg word in die kontinuerende voorsitter of sy kommissie nie, maar uitsluitlik gevind word in die Hoof- en Heerskap van Jesus Christus die Here.

Die oplossing lê steeds in 'n verkleinde Algemene Kerkvergadering wat meer dikwels byeenkom, met 'n gevolglike verminderde werklas op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering waar rotasie sy normale loop neem.

Die byderwetse neiging om die Kerk te wil bestuur is nie so nuut as wat vermoed mag word nie, aangesien díé intensie reeds in die opskrif van die Algemeen Reglement van 1816 ingeskryf is. Tussen bestuur in laasgenoemde asook hedendaagse verband, én regeer wat in die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 30, in die vooruitsig gestel word, bestaan daar groot verskil. Dit is soos die verskil tussen droom en geloof, of soos om stories oor die kerk te vertel en die evangelie te verkondig.

Skerper beskou, kan waarskynlik gestel word dat die kerklike reg soos dit huidig in die Hervormde Kerk toegepas word, verskraal het en met die Kerkorde geïdentifiseer word. Die kerklike reg het vereng tot die kerkordelike maatreëls in die Kerkorde opgeneem, wat soos 'n reglementebundel hanteer word, sonder om te vra na die agtergronde en prinsipiële onderbou wat vanuit die Reformatoriese kerkreg voorsien word.

‘n Kerkorde as sodanig waarborg niks nie. ‘n Kerkorde is alleen waardevol as die beginsels wat daarin verwoord is, toegepas word. Dit herinner aan die Noordmans uitspraak wat gewys het op die verband tussen kerkorde en belydenis. Wanneer dit gestel word, kan dit nie anders nie as om te aanvaar dat die relasie tussen Skrif, belydenis en kerklike orde, substansiële betekenis het vir die kerklike lewe, maar slegs in soverre dit waardeer en toegepas word.

Waarskynlik kan die volgende as maksimum-minimum geld vir alle kerkreg in verlede, hede of toekoms: ‘Rechtes Kirchenrecht entsteht (in grossen und kleinen, in allen Dingen!) aus dem Hören auf die Stimme Jesu Christi’ (Barth 1964a: 772).